



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

NOVEMBER 2018

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 70

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 35 bladsye.

INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.

AFDELING A: ROMAN**Beantwoord slegs EEN vraag.**

VRAAGNOMMER	PUNTE	BLADSYNOMMER
1. <i>Kringe in 'n Bos</i>	35	4
2. <i>Die ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom</i>	35	8
3. <i>Meeulanders</i>	35	12
4. <i>Lien se Lankstaanskoene</i>	35	16

AFDELING B: DRAMA**Beantwoord slegs EEN vraag.**

5. <i>Poppie – Die Drama</i>	35	20
6. <i>Paljas</i>	35	24
7. <i>Fiela se Kind – Die Drama</i>	35	27

AFDELING C: KORTVERHALE**Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.**

8.1 "Vegvlieënier Vivian"	18	30
EN		
8.2 "Die ballade van Robbie de Wee"	17	31

AFDELING D: GEDIGTE**Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.**

9.1 "Die nuwe kind"	18	33
EN		
9.2 "Tien haikoes vir die Vredefortkoepel"	17	34

NASIENRIGLYNE

- As 'n kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek.
- Indien net TWEE vrae in EEN afdeling beantwoord is, word slegs die eerste vraag nagesien.
- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd beskou. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepeenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees.
- As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepeenaliseer nie.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.

AFDELING A: ROMAN**VRAAG 1: KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.1	Meulbos	1
1.2	Saul kon aflei dat oom Martiens baie verbaas/verras was om hom te sien/hom nie verwag het nie. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.3.1	andersheid	1
1.3.2	Saul het ... - gedink bome lewe/kry seer (en daarom wou hy nie die boom afkap nie). - toe al besef dat die bome bewaar moes word. - besef dat hy nie soos sy pa/die Bosmense gedink het nie. - besef dat hy nie soos sy pa/Bosmense 'n houtkaaper wou wees nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.4	Dit was beter om stil te bly, want ... - hy wou kos by oom Martiens hê. - hy het so die vrede bewaar/sou net konflik veroorsaak. - as hy iets sou sê, kon hulle hom dalk wegjaag/dink hy is 'n spioen. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde).	2
1.5	Ja. - Saul het oom Martiens se gasvryheid so beledig. - Saul het nie begrip getoon vir die feit dat die Bosmense gasvry/trots was nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) OF Nee. - Saul wou nie bekend staan as iemand wat bedel vir kos nie. - Saul het geweet hy het baie meer geld as oom Martiens-hulle. - Saul wou goed doen aan oom Martiens-hulle. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.6	- Oom Martiens se oudste seun/Arend is dood toe hy vir Saul gehelp het. - Die Bosmense het almal vir Saul kwalik geneem omdat hy die Bos verlaat het. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	2

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.7.1	bloubokkie	1
1.7.2	weggejaagde/opstandeling	1
1.7.3	spioen/verraaier	1
1.7.4	wild	1
1.8	• Moenie mense veroordeel nie. • Vergeet van die verlede. • 'n Mens moenie altyd die ergste/slegste verwag nie. • Maak eers seker van jou feite. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
1.9	• D • hy geen plek kon kry om sy houtbesigheid te begin nie. • D hy geen plek kon kry om sy houtbesigheid te begin nie. <i>(Enige EEN)</i>	1
1.10	Joram moes ... • vir Saul 'n kans gegee het om sy saak te stel. • hom nie aan die bospraatjies oor die gevare van goud steur nie. • probeer verstaan het dat Saul 'n beter toekoms vir almal wou hê. • nie met Saul daaroor baklei het nie. • nie toegelaat het dat die rusie vir hom en Saul uitmekaar dryf nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
1.11	'n Mens kan Saul bewonder omdat hy bereid was om ... • self vir Oupoot/sy dierbroer te skiet. • te keer dat iemand anders vir Oupoot skiet. • Oupoot te skiet om hom die vernedering te spaar. • sy planne opsy te skuif ter wille van Oupoot. • te staan vir dit waarin hy geglo het. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
1.12	Saul het ... • leer Engels praat/verstaan/lees. • die skewe sirkel (waarmee die houtkappers bedrieg is) leer ken. • vir Kate leer ken. • gehoor dat daar goud ontdek is. • geleer hoe om goud te delf. • Geleer hoe om met mense te wrk/nie met mense te werk nie. <i>(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	3

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.13.1	Saul se loon/geld is gebruik om sy pa en broers se skuld te betaal. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.13.2	Jozef het gedink dat ... - Saul hulle verraai het/verklap het dat hulle olifanttande/ivoor onwettig verkoop. - Saul die oorsaak was dat hulle pa vir ivoortande beboet is/sy osse moes afstaan. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.14	- A - verwyt. - A verwyt. (Enige EEN)	1
1.15	- iemand wat geld het/ryk is. - iemand wat Engels kan praat. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	2
1.16	Ja. Ek voel jammer vir Kate, want ... - sy is lief vir Saul. - sy is magteloos om dinge te verander/te verbeter/om hom te keer om weg te gaan. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) OF Nee. Ek voel nie jammer nie, want Kate ... - moes lankal besef het dit was 'n vergeefse verhouding. - moes aanvaar het dat daar te veel verskille tussen hulle was. - moes aanvaar het dat haar ouers Saul nooit sal aanvaar nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.17.1	misluk	1
1.17.2	Die delwers het ... (al die) bome uitgekap/geelhout vir brandhout gebruik. - wippe vir bloubokkies/voëls gestel. - die olifante uitgeskiet. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	2

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.18	Saul ... • het nie geweet wat om vir Kate te sê nie. • het nie verwag dat Kate vir hom so 'n vraag sou vra nie. • wou mooi dink oor wat hy moes antwoord. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
1.19	• Saul het dit altyd onthou. • Saul het presies vir Kate gesê wat sy vir hom gesê het: "All woodcutters are wild and dirty and so are their children." • Dit was vir Saul een van die ergste beledigings wat hy ooit ervaar het. • Saul het so seergekry ná Kate se belediging dat hy dit vir altyd onthou het. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
1.20.1	• E • Saul en Kate het elke Sondag saam gekuier. • E Saul en Kate het elke Sondag saam gekuier. <i>(Enige EEN)</i>	1
1.20.2	• C • Saul kon by Knysna se sosiale kringe inpas. • C Saul kon by Knysna se sosiale kringe inpas. <i>(Enige EEN)</i>	1
1.20.3	• A • Saul het vir Kate gesê dat hy haar liefhet. • A Saul het vir Kate gesê dat hy haar liefhet. <i>(Enige EEN)</i>	1
1.20.4	• B • Kate se pa wou nie langer met Saul se familie besigheid doen nie. • B Kate se pa wou nie langer met Saul se familie besigheid doen nie. <i>(Enige EEN)</i>	1
		[35]

**VRAAG 2: DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM –
Marita van der Vyver**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.1	Mana/Hanna se ma	1
2.2.1	primitief	1
2.2.2	Daar was ... • ou meubels/ingesakte rusbank/stokou stoele in die huis. • net een leefvertrek/die kombuis en eetkamer en sitkamer was alles saam. • nie elektrisiteit nie min/geen moderne geriewe nie. • Die huis was bouwellig/Die huis se dak het gelek. <i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</i> <i>(Die kandidaat kan oorhoofs na primitiwiteit verwys of voorbeelde noem)</i> <i>(Die kandidaat kan geen punt by die vraag verdien indien (a) verkeerd is nie)</i>	2
2.3	spot	1
2.4	• Hanna het nie so 'n aanmerking verwag nie, (daarom stik sy)... • Hanna het haar pa beskerm/verdedig (al wou sy dit nie erken nie). • Hanna was sensitief/geïrriteerd met /omgekrap/kwaad vir Yann (oor die verwysing). • Hanna het nie daarvan gehou dat ander mense haar pa veroordeel nie. • Hanna het tog vir haar pa omgee. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
2.5	• Hanna het self nie haar pa geken nie. • Hanna het self na haar pa as die "queen" verwys. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
2.6	• A • weet wie en wat sy ma is. • A weet wie en wat sy ma is. <i>(Enige EEN)</i>	1
2.7	• Hanna sou haar nie (voor Sharon) vir hom hoef te skaam nie. • Hanna sou nie hoef te verduidelik hoekom hy anders is nie. • Hanna was gewoon daaraan dat Gavin haar verjaarsdae bygewoon het nie. • Hanna het regtig nie geweet hoe om met haar pa te kommunikeer nie. • Hanna sou nie hoef voor te gee dat sy bly is om hom te sien/belangstel om hom te leer ken nie. • Hanna was bang dat hy 'n lover sal saambring. <i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	2

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.8	Ja. - Dit is moeilik om jou gewese man en jou man se gewese vrou saam te hanteer. - Die gesinslede en die gaste het komplekse persoonlikhede gehad/nie altyd goed klaargekom nie. - Margot en Gavin was albei baie dramatiese persoonlikhede en sou dus ekstra eise stel. - Mana was hoog swanger. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) OF Nee. - Dit was Mana se keuse om Gavin en Margot te akkommodeer. - Mana het vir Gavin en Margot gesê hulle is welkom. - Mana was gewoonnd daaraan om mense met komplekse persoonlikhede te hanteer. - Die situasie het by Mana se eksentrieke persoonlikheid gepas. - Hierdie gaste het haar gehelp om haar doel met die wittebrood te bereik. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
2.9	Die reën het gehelp dat ... - Hanna en Gavin met mekaar kon praat oor dinge wat saak maak (Bv. haar geboorte). - Hanna Gavin se persoonlikheid kon leer ken. (Bv. sy vermoë om mense te vermaak) (Of soortgelyk aan bogenoemde)	2
2.10	- Hanna het haar situasie aanvaar/nie probeer ontvlug nie. - Dit was vir Hanna so opwindend/besig in die berghuis (dat sy nie kans gehad het om oor Fabienne te dink nie). (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
2.11	- Sjokolade/tjoklits 'n bundel (Shakespeare) sonnette/'n boek 'n pen (met 'n tiervelpatroon) (Of soortgelyk aan bogenoemde)	3
2.12	- C - Mana in ongewone omstandighede moes kraam. - C Mana in ongewone omstandighede moes kraam. (Enige EEN)	1
2.13	- Hy moes twee gaslampe kry. - Hy moes sorg dat daar lig/beligting was. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.14.1	Hanna en Gavin oor haar geboorte gepraat het	1
2.14.2	- Na hierdie gesprek het Hanna anders na haar pa gekyk/oor hom gedink. - Na hierdie gesprek het Hanna uitgevind dat sy (reeds by haar geboorte) vir haar pa spesiaal was/hy vir haar lief was. - Na hierdie gesprek het sy geweet/besef dat sy en haar pa eners dink. - Tydens hierdie gesprek het Gavin vir die eerste keer aan Hanna geraak/het Hanna haar kop teen sy skouer laat sak. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (Konsentreer op die verandering)</i>	1
2.15	- Gavin het aan die voordeur gehamer. - Gavin het hande-viervoet oor die drumpel gekruip. - Gavin het 'n galante buiging gemaak. - Gavin het dramaties verskoning vir sy voorkoms gevra. <i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	2
2.16	Ja. - Gavin het gereeld vir haar presente gestuur. - Gavin het soms gebel. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i> OF Nee. - Gavin was 'n afwesige pa/ Hanna het hom nooit regtig leer ken nie. - As tiener was Hanna skaam omdat Gavin homoseksueel was. - Hanna het gedink dat Gavin nie genoeg moeite gedoen het om haar te leer ken nie. - Hy het onvanpaste geskenke gestuur. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
2.17	- Jy moet iemand leer ken voordat jy 'n opinie oor hom/haar daaroor vorm/Gee mense 'n billike kans. - Jy moenie iemand oordeel voordat jy hom/haar nie leer ken het nie. 'n Mens moet kan erken as jy verkeerd was in jou opinie van/oor iemand/ 'n situasie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.18	Ja. - Dit pas by Gavin se dramatiese/anderse manier van optree. - Sy doel was om die kinders te vermaak/besig te hou/hulle aandag af te trek van dinge wat hulle ontstel het. - Dit pas by Gavin se persoonlikheid om selfs van 'n begrafnis 'n fees te maak. - Grootmense mag pret hê. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) OF Nee. - Gavin was die volwassene in die groep en moes daarvolgens optree. - Gavin moes 'n voorbeeld vir die kinders gestel het. - Volwassenes dans nie op tafels nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
2.19.1	verbeelding	1
2.19.2	Liebenberg	1
2.19.3	Beyers	1
2.19.4	roman/storie/verhaal	1
2.20.1	- C - Hanna het gevoel sy was 'n teleurstelling vir haar <i>trendy</i> pa. - C Hanna het gevoel sy was 'n teleurstelling vir haar <i>trendy</i> pa. (Enige EEN)	1
2.20.2	- E - Hanna het die bynaam, Hanna Hoekom, gekry. - E Hanna het die bynaam, Hanna Hoekom, gekry. (Enige EEN)	1
2.20.3	- A - Hanna het vir haar 'n alter ego, Fabienne, geskep. - A Hanna het vir haar 'n alter ego, Fabienne, geskep. (Enige EEN)	1
2.20.4	- B - Hanna se siening oor haar lewe het verander. - B Hanna se siening oor haar lewe het verander. (Enige EEN)	1
2.21	- Die gesin gaan beter met mekaar klaarkom/mekaar beter verstaan met mekaar kommunikeer/dinge saamdoen. - Daar gaan harmonie in die huis wees. - Die gesinslede gaan mekaar aanvaar. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
		[35]

VRAAG 3: MEEULANDERS – Esta Steyn

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.1	Fred (en Elsabet) trou.	1
3.2.1	getwyfel het of	1
3.2.2	Schalk het ... • nie goed met sy broer oor die weg gekom nie. • Fred se opponent in die munisipale verkiesing ondersteun. • Fred in die skande gesteeke die dag van die munisipale verkiesing. • vir Fred afgepers/die seegraskonsessie geëis in ruil vir sy stilswye oor Kinnie Kuipers/waarom Sheila selfmoord gepleeg het. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
3.3	• D • baie lief vir hom was. • D baie lief vir hom was. <i>(Enige EEN)</i>	1
3.4	• Hulle sal nie bly wees om Schalk te sien nie. • Die familie was skaam vir Schalk. • Daar was net konfrontasie as Schalk by was. • Schalk was onwelkom. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
3.5	• Dorothea • Sheila	2
3.6	• Niemand het geweet Janka is daar nie. • Janka het onverwags opgestaan. • Schalk het nie eerste geskiet nie. • Schalk het nie na Janka gemik nie. • Schalk se doel was nie om iemand te skiet nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
3.7	Hermanus ... • was te besig om genoeg aandag aan Schalk te skenk (nadat sy ma hulle verlaat het). • het verwag/aanvaar dat sy tweede vrou aandag aan Schalk moes gee. • het dalk vir Schalk te veel met Fred vergelyk. • het baie met Schalk geraas toe hy klein was./het nie 'n goeie verhouding met Schalk gebou nie. • was ongeduldig met Schalk. <i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	2

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.8	Ja. - Die Blanckenberg-familie het baie vir die mense van Salamanderbaai gedoen. - Die Blanckenbergs was 'n goeie/gesiene familie. - Hermanus was nooit by lelike dinge betrokke nie. - Dit moes vir die Blackengerg-gesin moeilik gewees hwet om 'n moordenaar in die familie te hê. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) OF Nee. - Hulle moes nie toegelaat het dat Schalk hand uitgeruk het nie. - Hulle moes hom nie van die begin af beskerm het nie. - Party van die Blanckenbergs/Fred was self skuldig aan verkeerde dinge. - Dit gebeur in baie families. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
3.9	Ja. - Hermanus reageer hier soos 'n pa wat sy kind liefhet. - Dit was regtig 'n ongeluk. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) OF Nee. 'n Mens kan nie poging tot moord goedpraat nie. - Hermanus moes eerder die polisie laat weet het waar Schalkie/Schalk is. - Hermanus moes eerder vir Schalkie/Schalk probeer oortuig het om homself aan die polisie oor te gee. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
3.10	- Jacob het impulsief opgetree/het nie logies/nugter gedink nie. - Die enigste gedagte in Jacob se kop was om vir Schalk te kry. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
3.11	Daniel	1
3.12.1	- D - Jacob het op Meeuland gaan treur. - D Jacob het op Meeuland gaan treur. (Enige EEN)	1
3.12.2	- C - Ryna het haar man en kind verloor. - C Ryna het haar man en kind verloor. (Enige EEN)	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.12.3	• E • Matthys Langhans moes tronk toe gaan. • E Matthys Langhans moes tronk toe gaan. (Enige EEN)	1
3.12.4	• A • Elsabet het uitgevind dat Fred ontrou was. • A Elsabet het uitgevind dat Fred ontrou was. (Enige EEN)	1
3.13.1	voorbereid	1
3.13.2	Schalk het ... • 'n rewolwer by hom gehad. • 'n mes by hom gehad. • het geweet hy was voortvluggend en moes verwag het dat hulle hom sou soek. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	2
3.14	• Jacob moes : ○ die polisie laat weet /nie die wet in eie hande probeer neem nie. ○ versigtig wees, want Schalk is gevaarlik. ○ kalm bly. • Jacob moes onthou dat 'n verkeerde daad maak nie 'n ander verkeerde daad reg nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
3.15	• Die regter het gesê hy was 'n geloofwaardige getuie. • Daar was versagtende omstandighede. • Hy kon borgtog kry. • Die saak is gouer afgehandel. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	2
3.16	Fred het ... • Jacob se borgtog betaal. • vir Jacob 'n advokaat gereël. • Jacob se regskostes betaal. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	3
3.17.1	Janka	1
3.17.2	Ryna	1
3.17.3	vrede	1
3.17.4	7/sewe	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.18	- Jy moenie negatiewe ervarings opkrop/inhou nie. - As jy nie hulp ontvang vir negatiewe ervarings nie/daaroor praat nie, kan dit jou en ander mense se lewens nadelig beïnvloed. - Jy moenie wraak neem nie. - Jy moet vergewe. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
3.19	bekommerd oor Jacob	1
3.20	- A - nie geweet het hoe om Jacob met sy probleme te help nie. - A nie geweet het hoe om Jacob met sy probleme te help nie. <i>(Enige EEN)</i>	1
3.21	- Jacob was (sewe jaar) in die tronk. - Jacob het nog nooit vir Ryna gesê hy is lief vir haar nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
		[35]

VRAAG 4: LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.1.1	dit lekkerder by Deon se huis was	1
4.1.2	- Braam het gewoonlik kos by Deon se huis gekry/Daar was nie altyd kos by Braam se huis nie. - Braam en Deon het saam skoolwerk gedoen/Braam was alleen/eensaam by sy huis.. - Braam se ma/Christien was gewoonlik dronk by die huis. - Dit was nie lekker by sy huis nie. - Braam kon rekenaarspeletjies by Deon speel. - Braam en Deon was goeie maats. - Braam het in 'n woonstel gewoon en Deon in 'n huis. - By Deon se huis het hy nie aan sy pa gedink nie. <i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	2
4.2	- C - eensaam - C eensaam <i>(Enige EEN)</i>	1
4.3	- Lien se ma was dronk. - Lien se ma was in die kamer agter 'n toe deur. - Lien se ma was meestal in haar eie wêreld. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
4.4	- Lien moes die plek netjies hou. - die vloer vee. - die vuil skottelgoed was - die botteltjies in 'n netjiese ry op die trollies rangskik. - die trollies afvee. - die toonbank afvee - die kombuis netjies hou. - Die tydskrifte regpak. - Lien moes die administrasie doen. - die telefoon beantwoord. - die afspraak neerskryf. - Lien moes vir Dirkie en Donovan help. - die kliënte se hare was. - Lien moes koffie maak/tee vir die kliënte maak. <i>(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde. Die kandidate kan detail gee of oorkoepelend daarna verwys)</i>	3

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.5	- Lien was nou in 'n nuwe skool/vriende. - Lien het nie meer kontak met haar ou maats gehad nie/sy wonder wat van haar maats geword het. - Lien-hulle het nie meer in 'n groot huis gebly nie/het nou in 'n klein woonstelletjie gebly/in 'n ander buurt. - Lien-hulle was nie meer ryk nie. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	2
4.6.1	ontsteld	1
4.6.2	- Wouter was Lien se eerste/enigste vriend by die nuwe skool/Hoërskool Jakaranda. - Lien en Wouter het 'n ooreenkoms gehad dat hulle altyd by mekaar sal staan. - Wouter was nou nie meer altyd beskikbaar as sy hom nodig gehad het nie. - Lien was jaloers. - Lien wou nie Wouter se vriendskap deel nie/was bang sy verloor Wouter as 'n vriend - Lien was nou die enigste buitestander. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
4.7.1	Koffiewinkel/teetin/restaurant/coffee shop	1
4.7.2	Haarsalon/salon/haarkapper/haarsnyplek.	1
4.7.3	Borg/donasie/borgskap/geld/bydrae	1
4.7.4	Bedel/geld vra	1
4.8	Ja. - Lien moes geld verdien om kos op die tafel te sit. - Die volle verantwoordelikheid van die huis het op Lien se skouers gerus. - Lien het geen ander keuse gehad nie./Lien moes 'n plan maak. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) OF Nee. - Lien was in matriek en moes elke dag skool bywoon. - Lien moes aan haar toekoms dink. - Lien moes vir haar broer die regte voorbeeld stel. - Lien kon ander mense se hulp gevra het. - Lien het baie skoolwerk verloor/kon druipe. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
4.9	beste	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.10	haar ma/Christien	1
4.11	Lien se pa ... • het grys geword/oud geword. • het nou effens krom geloop. • Het 'n vreemde/ongelukkige trek om sy mond gehad. • se oë het nie meer gelag nie. • se gesig het hartseer /"sad" gelyk • het verseker/verleë gelyk. • Was ongemaklik. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	2
4.12	• (Lien se pa behoort) te weet dat dit nie goed gaan nie. • (Lien se pa behoort) te weet dat sy dade verantwoordelik is vir die gesin se dilemma. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
4.13	• Lien se pa voel skuldig/skaam/sleg/verleë/hartseer gevoel. • Lien se pa het gewonder wat hy haar moes antwoord. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
4.14	• Lien het weer respek vir haar pa gekry. • Lien het weer vertroue in haar pa gekry. • Dit het Lien se vrae beantwoord. • Lien en haar pa het vrede gemaak. • Dit het vir Lien hoop gegee. • Lien kon haar pa vergewe. • Lien kon vir haar pa intree by haar ma en Braam. • Lien het meer begrip vir haar pa/verstaan nou beter. • Lien se pa sou nie meer so skuldig voel nie omdat Lien nou die waarheid weet. • Lien se pa het so gewys hy is jammeer oor sy dade. • Dit kon sy manier wees om sy verhouding met Lien te begin regstel. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	2
4.15	Lien se pa het ... • nie gedink hulle gaan hom vergewe nie/by hom staan nie. • aangeneem dat hy vorentoe alleen sal wees. • aangeneem dat hulle hom sal verstoot/wegstoot. • skuldig gevoel/is spyt • die gevolge van sy dade aanvaar. • hoop verloor (dat sy lewe normaal sou wees) • geweet sy lewe gaan nie weer dieselfde wees nie. • gehoop dat Lien hom sou weerspreek/gerus stel/troos/hoop sou gee. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
4.16	• C • vergewe • C vergewe (Enige EEN)	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.17	Lien en haar pa sal ... - vorentoe kyk na 'n beter toekoms/nie vasklou aan die verlede nie. - vasklou aan die wete dat hulle vir mekaar lief is. - werk om mekaar weer te leer vertrou. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
4.18	Ja. - Dit sou vir pa en dogter die kans gegee het om saam te werk. - Dit kon Lien motiveer om hard te werk op skool. - Lien se pa mag leiding gee, want jongmense weet nie presies wat hulle na skool wil doen nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i> OF Nee. - Omdat Lien se pa 'n oneerlike prokureur was, is hy van die rol geskraap/was hy nie 'n goeie voorbeeld nie. - Dit sou tot Lien se nadeel wees om met hom geassosieer te word. - Ouers moenie hul kinders se beroepe kies nie./Kinders moet toegelaat word om self 'n beroepskeuse te maak. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
4.19	'n Mens moenie steel/geldgierig/gulsig wees nie. - Onwettige dinge sal gestraf/bekend gemaak word. 'n Mens moet eers aan jou gesin/gevolge dink voordat jy dom dinge doen. - Daar is altyd gevolge vir jou dade. - Moenie iets doen waaroor jy later spyt sal wees nie. - Doen die regte dinge. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
4.20	Lien wys sy gee om as sy ... - al haar swaarverdiende geld gebruik het om ander te help. - nooit net aan haarself gedink het nie/empatie vir ander mense toon. - haar bedelaarsvriende na haar opvoering toe genooi het (ongeach wat ander mense van bedelaars mag dink). - bereid was om haar ouers se foute te vergewe. - Haar ouers se verantwoordelikhede op haar neem. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i> <i>(Die kandidaat kan spesifieke voorbeelde van omgee gee of oorkoepelend daarna verwys)</i>	1
4.21.1	- C - Lien het gehoor dat haar ma se drankprobleem nie haar skuld was nie. - C Lien het gehoor dat haar ma se drankprobleem nie haar skuld was nie. <i>(Enige EEN)</i>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.21.2	• D • Lien het besluit om drama te gaan studeer. • D Lien het besluit om drama te gaan studeer. (Enige EEN)	1
4.21.3	• B • Lien was skaam om te hoor dat haar ma vir diefstal gevang is. • B Lien was skaam om te hoor dat haar ma vir diefstal gevang is. (Enige EEN)	1
4.21.4	• A • Lien het opgehou om te bedel. • C Lien het opgehou om te bedel. (Enige EEN)	1
		[35]
	TOTAAL AFDELING A:	35

AFDELING B: DRAMA**VRAAG 5: POPPIE – DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotze**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.1	Philippi	1
5.2	Stone het die werk aanvaar al het hy geweet hy gaan siek word. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1
5.3	• Poppie se broers se werk was makliker. • Poppie se broers het nie gesukkel om 'n pas te kry nie. • Poppie se broers was op Mama se kaart. • Mosie het tyd gehad om by die kerk uit te kom. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	2
5.4.1	ongeduldig	1
5.4.2	Poppie het rede gehad om ongeduldig te wees, want ... • Mama se huis was oorvol./Daar was nie plek vir Poppie in Mama se huis nie. • Poppie sou die inslaapwerk kon los as sy haar eie huis gehad het. • Poppie, Stone en hul kinders sou kon saambly. • Poppie sou nie meer 'n huis met Mbatane hoef te deel nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
5.5	Poppie was met 'n Xhosa-man getroud./Stone was 'n Xhosa./Stone kom van die Ciskei af. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
5.6	onafhanklike	1
5.7	• Poppie het lang ure/Sondag tot Sondag gewerk. • Poppie kon Stone net Sondae in die hospitaal besoek. • Op Sondae was daar nie baie busse nie/het sy soms te laat by die hospitaal gekom. • Die kinders het siek geword. • Poppie moes baie vroeg haar huis verlaat. • Poppie moes vir haar kinders brood en koue tee los. (Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)	3
5.8	Nee. • Stone was siek./As 'n mens siek is, voel jy depressief/negatief. • Stone verlang na sy gesin. • Hy voel skuldig dat Poppie alleen moet sukkel. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.9.1	Pa/tata	1
5.9.2	skool	1
5.9.3	Lambertsbaai	1
5.9.4	Stevens	1
5.10	• A • sekuriteit vir haar en haar kinders hê. • A sekuriteit vir haar en haar kinders hê. (Enige EEN)	1
5.11	In die Kaap het Poppie ... • met haar pas gesukkel. • gesukkel om werk te kry/baie hard gewerk. • vir die polisie weggekruip/gesukkel onder die politieke situasie. • ontuis gevoel. • onder moeilike omstandighede gewerk. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) OF In Mdantsane ... • het Poppie swaargekry sonder Stone se ondersteuning. • het Poppie probleme met Bonsile ondervind. • was die huis waarin hulle gaan bly het, onafgewerk/die area om die huis vol bourommel/die gras om die huis lank/die huis rou. • het Poppie na haar ma en broers/Stone verlang. • was Poppie alleen. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
5.12	• Poppie wou haar eie huis gehad het. • Haar skoonouers het in hutjies gewoon/daar was nie plek by haar skoonouers nie.	2
5.13	• Stone was moedeloos/bekommerd/hartseer/magteloos.. • Stone was siek. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
5.14.1	nie van hierdie voorstel gehou nie	1
